

HIGHLY COMMENDED IN THE Sappi Pica Awards 2003 IN THE CATEGORY Customer Magazines: Alumni Publications

BULT

Desember 2003
Jaargang 51, nr. 4




SPLINTERNUWE STUDENTESENTRUM

AIDS CREATES POVERTY CYCLE




Nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat
News magazine of the University of the Free State





Come and be yourself



Come and join a stunning English and Afrikaans campus in the heartland of South Africa. A long-established, parallel-medium campus in beautiful, safe surroundings, where academic excellence and personal attention are integral parts of studying. Where you'll find the creativity, innovation and abundant space to discover yourself.

Come see for yourself. Come and be yourself.

University of the **Free State**
be who you are



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

P O Box 339, Bloemfontein 9300 • Tel: (051) 401 3000 • E-mail: info@stig.uovs.ac.za • www.uovs.ac.za

Redakteur/Editor

Leatitia Pienaar

Tel: (051) 401-9188

Faks/Fax: (051) 430-8397

pienaar.stg@mail.uovs.ac.za

UV-webwerf/UFS website

www.uovs.ac.za



Produksie

New Media Publishing, Kaapstad

Besturende redakteur:

Lisa van Aswegen

Uitleg: Odette Marais

Uitvoerende direkteurs:

John Psillos, Irna van Zyl,

Naomi Herselman

Besturende direkteur:

Bridget McCarney

Posbus 440, Groenpunt, 8051

Tel.: (021) 417-1111

Faks: (021) 417-1112

Webwerf: www.newmediapub.co.za

Reproduksie

Mega Digital

Drukwerk

Paarl Web

Bult, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. *Bult* word onder oudstudente, personeellede, donateurs, sake- en regeringsleiers en Kowsie-vriende versprei. Die inhoud van *Bult* mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

Adresveranderinge

Stuur besonderhede aan:

Dawid Kriel

Posbus 2319, Bloemfontein 9300

Tel. (051) 401-3409

Faks (051) 430-8370

dawid.stg@mail.uovs.ac.za

BULT

inhoud

Desember 2003 Jaargang 51 nr. 4

Nuus/News

- 4 Geboue kry nuwe name
- 6 Important HIV/Aids research
- 8 Tolmies op kampus
- 10 Qwaqwa's contribution
- 12 Afrikaner-identiteit

Herinneringe/Memories

- 15 *Bult* oor die jare heen
- 17 Eufeesdagboek

Stigting/Foundation

- 18 Groundbreaking research in the Okavango
- 19 Kumba-skenking

Monitor

- 22 Jeugkommissie
- 20 Serenading history
- 23 Medical challenges
- 24 Skills hamper development

Alumni


- 26 Landwe reünies
- 29 Belangegroep

Rubrieke/Columns

- 2 Brieue en soekhoekie
- 31 In memoriam
- 32 Blou Willem

Voorbladfoto

Die nuwe juweel op die Kowsie-kampus – Thakaneng Brug. Dié nuwe studentesentrum is in Oktober amptelik geopen. Vir 'n fotobeeld, sien bl.4. Foto deur Reinier Brönn.



GROETE VAN DIE REDAKTEUR



Teen die tyd wanneer u hierdie *Bult* ontvang, het die akademiese jaar op die kampus reeds ten einde geloop. Net 'n paar akademiese personeel wat met dringende werk besig is, is nog hier rond en die administratiewe personeel begin ook so stadig verdwyn vir 'n welverdiende rus.

Dit is 'n rus wat nogal belangrik is, want aanstaande jaar gaan behoorlik gehol en gejol word met die Universiteit van die Vrystaat se 100+-eeufeesvieringe. 'n Propvol jaar, wat oor 'n volle jaar tot in Januarie 2005 strek, is beplan en dagboeke begin nou al vol raak soos mense hulle regskud vir al die groot kuiers. Sien meer oor die planne op bl. 17.

In hierdie uitgawe kan lesers 'n blik kry op Thakaneng Brug, die studentesentrum op die kampus, wat op 3 Oktober 2003 met 'n groot fees amptelik geopen is. In komende uitgawes gaan ons ook die sluier lig oor die Eeufees-sentrum wat ingerig word waar die Reitz-eetkamer was. Dit gaan onder meer 'n tuiste bied vir alumni, met museums, gedenk-tuine, onthaallokale vir bestuur en baie meer.

Aan al ons lesers wens ons baie seën in die Kerstyd en 'n wonderlike 2004 toe.

Hennie Pienaar

Mooiste publikasie nog

Chris de Lange, Waarnemende Hoofonderwyskundige: Onderwys- en Leerdiens, Ukhahlamba-Streek, Ladysmith, KwaZulu-Natal, skryf:

Dagsê vanuit die groen-groen land van Natal!

Die wêreld hier rond is egter nog nie groen (Red: dit was in September) nie, want die reën is maar taai om te val! Maar ons is hoopvol.

Ten eerste wil ek julle by *Bult* gelukwens met een van die mooiste publikasies nog! Oor die jare heen het ons Kovesietydskrif net al hoe beter geraak, en nou is dit puik!

Ek hou geweldig baie van die uitleg, die gebruik van verskillende lettertypes, kleur, die keuse van die papier met die metaferwerking – kortom, alles!

Ek het al baie tydskrifte van ander universiteite gesien en ons *Bult* is beslis 'n wenner!

Ek moet sê, die tweetaligheid is iets waaraan ek moet gewoon raak, maar agteros kom ook in die kraal.

Ons kan nie daarby verby kom dat ons nou ander taalgroepe moet bedien en akkommodeer nie en dis ook goed so.

Die feit dat die universiteit ook 'n poging wil aanwend om Sesotho te ontwikkel, is prysenswaardig.

Alles van die beste vir my alma mater – dit was 'n groot voorreg om daar te studeer en ek is erg trots om 'n oud-Kovsie te wees!

Kontak hom by 082-923-2393.

Bult is 'n wenner – letterlik

Bult het by hierdie jaar se Sappi Pica-tydskriftoekennings 'n sertifikaat van eervolle vermelding gewen in die kategorie: Kliëntetydskrifte, Alumni-publikasies.

Hierdie kompetisie is 'n nasionale glansgeleentheid in die tydskrifbedryf en alle huidige en oud-Kovsies kan voorwaar trots wees op *Bult*.

Tyd vir terugvoer

Hennie Pienaar, Sanlam Bemarking, Bellville, skryf:

Ná my onlangse “klagte” oor die *Bult* se inhoud, en die brief daarvoor wat geplaas is in die jongste *Bult* (September-uitgawe), moet ek darem net weer van my laat hoor.


Ek dink nie veel het aan die inhoud verander van die vorige *Bult* nie, maar die jongste uitgawe (*September*) “het dit”. Ek het ook vir Rudie van Rensburg gepols, en hy stem ook saam dat dié uitgawe baie lekker lees.

Daar is beslis meer in vir ons “ou manne” en dit was vir my lekker om dié uitgawe van voor tot agter te lees. Die rubriek *Herinneringe* is onder meer baie goed.

Ek het die pas afgelope Reitz-reünie ongelukkig gemis, met baie hartseer, maar aanstaande jaar se Eeufees sal beslis bygewoon moet word.

My een dogter is tans tweedejaarstudent op Stellenbosch en glo my, ek herleef my eie Kovsie-jare saam met haar studentwees. Ek het eintlik 'n baie groot verlangete in my!

Baie dankie vir die *Bult*, en sukses vorentoe.




Geniet die nuus

Mev. Welma Fouché van Posbus 693, Hennenman 9445, skryf:

Baie dankie vir al die jare se *Bult* wat aan ons gestuur word. Ons geniet alles wat daar gebeur – die nuwe dinge en die nuus uit die verlede.

Sien ook *In Memorium* op bl. 31.



Biernavorsers moet vereer word

David Graham van Conraadlaan 17, Empangeni 3880, skryf:

Ek het pas die jongste *Bult* in die posbus gekry en met genot deur-gelees. Baie geluk aan die jong dieetkunde-studente van die UV met hul navorsingsdeurbraak so kort voor die rugbywêreldbeker.

Nou kan die mammies ontspan en die rugby saam geniet sonder om gespanne te sit en die dooie polisiemanne te tel.

Onthou navorsing het onomwonde bewys: dat bier nie regtig verantwoordelik is vir die sogenaamde bierboep nie.

Prof. Frederick Fourie en sy bestuurspan kan ernstig daaraan dink om die jong navorsers se name in die anale van Kovsieland te verewig.

Ek wil selfs verder gaan en sê as die Kaalvoet Vroue Organisasie van Orania 'n standbeeld vir die koeksister kan oprig, hoeveel te meer rede is daar nie om Charles Glass se Castle Lager op so 'n manier te vereer nie!

So manne, geniet die bier. Onthou die navorsing sê dat dit mens gemotiveerd hou!

En moet nie die oefening vergeet nie (speel meer golf).

Aan die jong navorsers kan ons net sê: Doen so voort!

Soekhoekie

Is jy op soek na oudstudentevriende, maar weet nie waar om te begin nie? Die Universiteit en *Bult* kan jou help om hulle op te spoor.

Beste oud-Kovsie

Met die Eeufeesjaar wat vinnig nader kom, wil ek 'n uitdaging rig aan alle lesers om ons te help om ons databasis te vergroot.

Soos in die September-uitgawe gemeld, het ons op 1 Julie vanjaar bekende adresse van 21 077 oud-Kovsies gehad. Op 1 Oktober het hierdie syfer verbeter na 21 307. Dis 'n minimale styging, maar reeds 'n stap in die regte rigting. Hoe lyk 'n syfer van 23 000 vir einde Desember 2004.

Ons hoef niks skouspelagtigs te doen nie. Deur bloot net so terloops in jou onmiddellike omgewing navraag te doen, kan 'n hele klomp "verlorenes" maklik opgespoor word. Namate ons databasis groei, sal ek 'n grafiek insluit wat ons vordering aantoon. So kan selfs die oud-Kovsies wat in die Eeufeesjaar nie by die kampus kan uitkom nie, ook hulle bydrae tot die sukses van die Eeufeesjaar maak.

Indien julle dus weet van enige familie/vriende/kollegas wat oud-Kovsies is en nie *Bult* ontvang nie, vra hulle asseblief om my, Dawid Kriel, te kontak op een van die volgende maniere:

Posadres: Posbus 2319, Bloemfontein, 9300

E-pos: dawid.stg@mail.uovs.ac.za of alumni@mail.uovs.ac.za

Tel.: (051) 401-3409

Faks: (051) 430-8370

Webwerf:

<http://kiewiet.uovs.ac.za/prb/alumni/adres/alumnivorm.asp>

Kovsiegroete
Dawid



Rochelle soek hulp

Rochelle Nieuwenhuizen (Duminy) van 2 Jesse Court, Bargara, 4670, Queensland, Australië, sê sy wil graag 'n paar kennisse opspoor en laat weet waar hulle hul nou bevind.

Sy en haar man, Rudolf Johannes Nieuwenhuizen, wat van 1978 Medies geswot het, woon reeds die afgelope twee jaar in Australië.

Die mense wat sy wil opspoor, is:


James Bodenstein (B.Com, eerste jaar in 1978, was in JBM Hertzog en voorheen van Kathu);

Dawie Malan (LO Onderwys, eerstejaar in 1978, was in Vishuis, voorheen van Fort Beaufort);

Gerhard du Plessis (Medies, eerstejaar in 1978, was in Reitz – haar man se ou kamermaat);

Engela (voorheen) **du Toit** (BA, eerste jaar in 1979, Huis Koos – was haar kamermaat).

Kontak haar by rudolfn@bigpond.com



Talle geboue kry nuwe name

Thakaneng Brug (of *Thakaneng Bridge* in Engels) is die naam van die nuwe studentesentrum op die Kovsiekkampus. Thakaneng is die Sotho woord vir "plek waar jongmense saamkom om te kuier en te leer".



Thakaneng Brug het in September die groen lig van die Universiteitsraad gekry as naam vir die nuwe studentesentrum. 'n Wydlopende en deursigtige proses waaraan personeel, studente en alumni kon deelneem, is gevolg om voorstelle vir nuwe name te kry.

Thakaneng Brug is op 3 Oktober op 'n daglange fees, Kovsie-Kwêla, geopen.

Verskeie ander geboue waarvan die funksie verander het of waarvoor nie behoorlike name bestaan het nie, het in September ook nuwe name gekry. Hulle is:

Skool vir Geneeskunde – Francois Retief-gebou/Building (Prof. Retief was die eerste dekaan van die fakulteit en daarna rektor.)

SK3 – Marula (Ou kombuis word omskep in 'n koshuis. Koshuise hier kry tradisioneel blom- of boomname.)

Onthaallokaal: Mediese Fakulteit – Kerneels Nel-lokaal/Room (Ter erkenning van prof. Nel se groot bydrae tot die fakulteit.)

Menslike Bewegingskunde-gebou – Scaena (Die gebou word omskep vir die Departement Drama en Toneelkunde.)

Biokinetika-gebou – Botho (Die naam beteken "menslikheid". Die gebou word omskep vir die Direkteur: Diversiteit en Billikheid.)

SA Media/Rekeningkunde-gebou – Stef Coetzee-gebou/Building (Die gebou huisves verskeie departemente. Prof. Coetzee het sy loopbaan aan die UV in 'n kantoor in die gebou begin.)

BAO-gebou – Benito Khotseng-gebou/Building (Prof. Benito word vereer vir sy pionierswerk in studentetransfor-

masie en as eerste swart Raads- en Senaatslid van die UV.)

Benedictus Kok-studentesentrum – Benedictus Kok-sentrum/Centre (Die gebou word nie meer as studentesentrum gebruik nie en sal waarskynlik omskep word as konferensiesentrum.)

Opvoedkunde-gebou – Winkie Direko-gebou/Building (Voormalige Kanselier met sterk onderwysagtergrond.)

BOK Blokke B en C – Mabaleng (Die woord beteken "plek van sport". Die gebou word omskep vir die Departemente Biokinetika, Kovsiesport en Centre for Excellent Sport Scientific Services.)

BOK Blok D – Claerhout (Deel van die gebou word omskep vir die Departement Beeldende Kunste. Vader Claerhout word vereer as een van die bekendste Vrystaatse kunstenaars.)

Reitz-eetsaal (SK1), matrone-woonstelsel, alumnihuis en Huis Francken – Eeufeeskompleks/Centenary Complex (met Reitz-saal/Hall) (Dit word die UV se onthaalsentrum, musea en tuiste vir alumni en personeel. Dit gedenk ook die eeuwording van die UV.)

UV Bemarking-gebou – Idalia Loots-gebou/Building (Prof. Loots was die eerste vroulike lid van die Senaat en stigter van die Skool vir Verpleegkunde. Die gebou word omskep om Verpleegkunde te huisves.)

"Stabilis"-plein – Stabilis-plein/Square (Amptelike bevestiging van 'n gebruik wat reeds bestaan.)

Ander geboue waarvan die name onveranderd bly, is die Hoofgebou/ Main Building, Landbou-gebou/ Building en die Albert Wessels-ouditorium/ Auditorium. ■



RAMKATTE Prof. Frederick Fourie, Rektor, en Studenteraadsresident Quintin du Plessis het die skare met die opening van die studentesentrum op hulle voete gehad toe hulle net voor die geleentheid ingery gekom het. Heel regs bo is mev. Moipone Mahlatsi, 'n meestergraadstudent in Opvoedkunde aan die UV en Vise-Prinsipaal van Qubeka Primêre Skool in Harrismith, wat die wennaam "Thakaneng" vir die studentesentrum opgelewer het.



HIV/Aids

creates a vicious poverty cycle



DEDICATION
Prof. Frikkie Booysen is researching one of the most important topics in our country.

The HIV/Aids epidemic is a severe threat to the economies of developing countries, and those of sub-Saharan Africa in particular.

The socio-economic impact of HIV/Aids combines to create a vicious cycle of poverty and HIV/Aids in which affected households are caught up and cannot escape from.

Evidence from research done by the UFS in affected and unaffected neighbouring households in a rural and urban area in the Free State underscore the importance, in the long term, of economic policies focused on job creation and education in addressing chronic poverty in South Africa in the face of the epidemic and, in the short term, a social safety net to combat the problem, Prof. Frikkie Booysen (32) of the Department of Economics and the Centre for Health Systems Research and Development at the UFS, said. The research is funded by USAID via the Joint Center for Political and Economic Studies and by the National Research Foundation.

Prof. Booysen has been a speaker at various conferences around the world on the HIV/Aids research done at the UFS and has published various articles on the subject.

He said the HIV/Aids epidemic is a severe threat to the economies of developing countries, and those of sub-Saharan Africa in particular.

South Africa, which is being affected fundamentally by the epidemic, is no exception.

Deaths caused by HIV/Aids will have a significant effect on families. Poverty is likely to deepen as the epidemic takes its course. The socio-economic impact of HIV/Aids further entrenches a vicious poverty cycle. As adult members of households become ill and are unable to work, household incomes will fall, and to cope with the change in income and the need to spend more on health care and funerals, children are often taken out of schools to assist in caring for the sick or to work to contribute to the household income, he said.

"Consequently, the opportunities for children for their physical and mental development are impaired. This acts to further reduce resistance of household members and children to opportunistic infections, given lower levels of immunity and knowledge, which in turn leads to increased mortality."

He said findings in the research suggest the introduction of a broad-based social security system offering minimal benefits or specially targeted welfare programmes may in the short and medium term be important in mitigating certain aspects of the impact of the epidemic, like ensuring food security, making sure children attend school and mitigating funeral costs, specially in chronically poor households.

He said the incidence, depth and severity of poverty are relatively worse among affected households, especially in those that suffered illness and death in the recent past. The intensity of income mobility increases as the probability of households being affected by illness or death increases. Affected households are more likely to experience variations in income and chronic poverty, he said.

Research shows that the income of affected households can be between 12% and 29% lower than that of unaffected households. ■

Wees geduldig met dié **prosesse**,

sê prof. Du Plessis

“Ons moet begin aanvaar dat ’n nuwe taalbestel nie oornag tot stand sal kom nie, inteeendeel, dit kan dekades neem.”

“Dit het nog nie voorheen in Suid-Afrika gebeur dat daar opeens ’n nuwe taalbestel was nie. Ook gebeur dit nie elders ter wêreld kitsmatig nie. ’n Mens staan soms verbaas oor die ongeduld waarmee mense die taalbeleidsprosesse in Suid-Afrika beoordeel. Die planne wat tans tot uitvoer gebring word, het ’n langtermynperspektief. Enigiets kan ondertussen gebeur.”

Só het prof. Theo du Plessis gesê in sy intreerede *Onderweg na ’n Babelse werklikheid? Kritiese perspektiewe op taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika*.

“Ons moet aanvaar dat die Suid-Afrikaanse taalbestel nes ander ter wêreld gebreke toon. Die inisiatiewe wat oor die volgende paar jaar rondom die implementering van meertaligheid geneem sal word, is belowend.

“Dat daar bepaalde faktore is wat teen die implementering van meertaligheid sal werk, is te begrype. Dit beteken egter nie dat ons nou op die ashoop moet gaan sit of ’n fatalistiese houding moet inneem nie of



TAALBELEID Prof. Theo du Plessis besef die taalbeleid verg harde werk.

hiper-krities op alles moet reageer nie. Daarvan word niemand beter nie.

“Ons moet ook in gedagte hou dat ’n nuwe taalbestel besig is om tot stand te kom waarin die aksente inderdaad totaal anders as in die verlede geplaas sal word.”

Hy het ook gesê die verwagting is dat dit onwaarskynlik is dat al elf amptelike tale op alle vlakke van die opbare

lewe in gebruik sal wees. Dit sal nie ’n kulturele ramp wees nie, tensy die mense van Suid-Afrika dit toelaat om te gebeur.

“ ’n Mens kan nou óf terugsit en kritiseer óf inspring en doen wat jou hand vind om te doen rondom die uitwerk van hierdie nuwe taalbestel.

“Met sy nuwe taalbeleid, die eerste sodanige beleid aan ’n tersiêre instelling in die land, kan die UV ’n voorbeeld stel op mikro-vlak van hoe te werk gegaan kan word om institusionele meertaligheid te laat werk.

“Wat ons hier bereik, kan nie net ’n bydrae lewer om ons ’n voorkeuringstelling te maak nie, maar kan ook ander universiteite help.”

By ’n colloquium oor taalbeleid aan Histories Afrikaanse Universiteite (HAU’s) wat in Julie by RAU gehou is, is die UV juis gevra om die leiding te neem met die uitwerk van ’n gesamentlike taalstrategie vir hierdie universiteite.

“So kan die UV se kundigheid en ervaring wyer diensbaar gemaak word en kan onnodige duplisering op taalterrein uitgeskakel word. Die verteenwoordigers van die Departement Onderwys wat by daardie geleentheid teenwoordig was, het aangedui dat hulle ook graag by so ’n vennootskap betrokke sou wou raak. Suksesse kan so dus ‘deurgespeel’ word na nasionale vlak.”

Prof. Du Plessis het gesê Suid-Afrika is inderdaad onomkeerbaar onderweg na ’n funksionele en institusionele meertalige bestel waarbinne die histories agtergestelde tale ’n prominenter rol sal begin speel. Suid-Afrika het die roete gekies waarvoor geen ander land in Afrika tot dusver nog kans gesien het nie.

’n Positiewe korrelasie behoort te bestaan tussen taalbeleid en taalpraktyk. “Hoë funksie-toekenning moet dus omgesit word in hoë funksie-gebruik, is die veronderstelling,” sê prof. Du Plessis. ■

Twee Tolmies vanjaar saam ge-'stoel'



AKADEMICI Proff. Francois en sy broer Janse.

Twee Tolmie-broers
het in Mei
hoogleraars
aan die UV geword.
Nita Herholdt het met
hulle gesels.

“**H**eel toevallig ...” maak ouboet Francois Tolmie die feit af dat hy en een van sy jongste broers, Janse, saam-saam in Mei tot hoogleraars bevorder is: Francois in Teologie en Janse in Rekenaarwetenskap en Informatika.

Hoewel die studieveld ver verwyderd staan, klop die twee broers se missies wat betref die terugploeg van die verworwe vakkennis ten bate van die gemeenskap. Francois is nou betrokke by dowes en Janse tap weer kunsmatige intelligensie ten bate van die mediese wetenskap en geestes-gesondheid.

Hul Skotse afkoms ten spyt, is die Tolmies stoere Afrikaners, dis nou sedert Oupa Donald destyds met 'n boerenooi “én met haar land en taal” getroud is. Francois, 'n naamgenoot van dié Skotse oupa, het in 1978 as eerstejaar-tokkelok op die Bult in Oliehouthoek aangeland. Sy pa was predikant op Middelburg in die Oos-Kaap en Kopsies ooglopend die beste keuse. Francois het sy verpligte militêre diens gedoen as kapelaan in Walvisbaai, waarna hy as predikant deur die Moedergemeente beroep is. Hy word later by die UV aangestel.

Francois vertel dat die kursusse by Teologie in sy studiejaar verder uitgebrei is toe 'n teologiese fakulteit tot stand gebring is. Dit het beteken dat hy op die Bult kon aanbly en nie, soos sy voorgangers, sy studies elders moes gaan voltooi nie. Hy het in 1990 senior lektor geword en het die Johannesevangelie in die Nuwe Testament as fokuspunt vir sy proefskrif gekies.

Die Nuwe Testamentiese studies en 'n MA in Grieks kom hom deesdae handig te pas in die omvangryke werk wat hy en die waarnemende Dekaan, prof. Hermie van

Zyl, as deel van 'n groter span aangepak het, naamlik 'n Afrikaanse vertaling van dele van die Nuwe Testament vir dowe lesers.

Francois sê: “Daar bestaan 'n groot behoefte by dié mense vir 'n Bybel met kort eenvoudige sinne waarin elke woord begryp word. 'n Mens beseft nie aldag dat dowes dikwels nie alle woorde, begrippe, selfs die beeldspraak in die Woord wat vir ons ander geen probleme oplewer nie, reg verstaan nie.”

Francois se nering en betrokkenheid by Bybelvertaling sluit nou aan by dié van sy pa, wat vir etlike jare verbonde was aan die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap. Ná jare se betrokkenheid by verskeie gemeentes, span ds. Donald (senior) en sy vrou, Bethal, op Stilbaai uit.

Francois het, naas formele Bybelstudie, verskeie populêre werke gepubliseer, onder meer studies oor die Kruis, oor engele, 'n deurtastende ondersoek van die afskeidsgesprekke in die evangelie van Johannes asook 'n retoriese analise van Paulus se oorrredings-tegnieke in sy brief aan die Galasiërs. Francois is getroud met Ansa, 'n oud-Kopsie. Hulle het drie kinders, Carmien (14), Francois (11) en Mialise (5).

Ná 'n offisiërskursus aan die destydse Militêre Akademie in Saldanhaabaai was Janse, soos sy ander drie broers, Francois, Johan ('n mediese dokter in Kanada) en Marius, sy tweelingbroer ('n personeelbestuurder in Roodepoort) ook 'n inwoner van die destydse Oliehouthoek. Hoewel hy aanvanklik baie in kernfisika belangstel, besluit hy om verder te studeer aan die Departement Rekenaarwetenskap en Informatika.

Janse se navorsing oor kunsmatige intelligensie val meerendeels in die area van kennisgebaseerde stelsels – sageware wat

Media

se rol in oorlog verander, sê prof. Barnard

menslike kennis op 'n spesiale manier aanwend.

Goue geleenthede doen hulle mettertyd voor, soos toe hy in 1992 'n ekspertstelsel vir die interpretasie van volbloedtellings vir 'n groep Johannesburgse patoloë kon baseer op vorige werk oor kennisgebaseerde stelsels vir Hematologie by die UV se Mediese Fakulteit – werk wat later as 'n proefskrif sou dien.

Hy is tans saam met prof. Dap Louw van Sielkunde en 'n doktrale student betrokke by 'n projek wat fokus op die aanwending van 'n toepaslike kennisgebaseerde stelsel vir dié vakgebied.

Janse het tydens sy sabbatsverlof in 1994 aan die Carleton Universiteit in Ottawa, Kanada, ná-doktrale werk oor pasiënt-similasiestelsels gedoen. Sy kennis oor ekspertstelsels kom hom handig te pas. Hy raak betrokke by navorsing in mens-rekenaar-interaksie en het ook in 2002 kursusse aangebied by die De Paul Universiteit in Chicago.

Volgens Janse neig die tegnologie na kleiner en meer mobiele rekenaars. "Ons sien reeds hoe persoonlike digitale assistente, wat in mens se hand pas, baie handige toepassings ondersteun. Die integrasie van dié klein rekenaars met selfone hou potensieel baie voordele in, wat beteken dat 'n mens nou só te sê jou 'kantoor' in jou sak kan rond dra. Veral in die Suid-Afrikaanse konteks waar selfone wyd gebruik word, hou hierdie tegnologie opwindende moontlikhede in.

"Die uitdaging is natuurlik om 'n goeie balans te vind tussen dit wat die tegnologie moontlik maak en dit waarmee die gebruiker op die ou end gemaklik voel."

Janse het onlangs 'n eie onderneming vir rekenaarsagteware op die been gebring met die fokus op tersiêre inrigtings. Hy is getroud met Carina, ook 'n oud-Kovsie. Die egpaar het twee woelwaters, Migael (5) en Jana (5 maande). ■

Roemenië is 'n land vol kontraste. Van die mooiste geboue is in hierdie historiese land te sien, maar so ook van die ergste armoede, sê prof. Leo Barnard, wat onlangs 'n spreker op 'n konferensie daar was. Die rol van die media het radikaal verander met die oorlog in Irak vroeër hierdie jaar. Die media is nou deel van die oorlog en die spelreëls sal hierby aangepas.

So sê prof. Leo Barnard, Hoof van die Departement Geskiedenis aan die UV en vise-president van die Suid-Afrikaanse Kommissie van Militêre Historici.

Hy het in Augustus vanjaar die Internasionale Konferensie van Militêre Historici in Boekarest toegesprek oor die onderwerp The controversy of the Battle of Cassinga, does the media provide the final answer?.

Hy het veral die geskiedskrywer se probleem uitgelig omdat geen media – nie aan die Suid-Afrikaanse kant of aan die kant van Swapo – by die Cassingaslag op 4 Mei 1978 teenwoordig was nie, en net die weergawes van die twee magte en onderhoude met mense wat die slag beleef het, gebruik kan word om die gebeure te herstruktureer.

Prof. Barnard het in Boekarest 'n referaat gelewer en hy was ook voorsitter van sessies op die konferensie, wat hoofsaaklik gefokus het op die rol van die media in oorlogvoering met spesifieke aandag aan die Irakse oorlog. Die rol van die vrou in oorlog het ook aandag gekry.

Hy sê in die verlede was die media verwyder van oorlog en is eers ná 'n veldslag of aanval op die terrein toegelaat. Media het nou deel van die oorlog geword. Die media is nou in die voorste linie waar hy die een "scoop" na die ander kry. Militêre bevelvoerders moet nou deeglik rekening hou met die media.

In Suid-Afrika word militêre geskiedenis by die Militêre Akademie as vak aangebied, maar op grondvlak is dit besig om baie gewild te word by veral "stoelhistorici" – daardie mense wat die geskiedenis vir hul plesier bestuur. Veral die herdenking van die Anglo-Boereoorlog het 'n groot rol hierin gespeel, sê prof. Barnard. ■

MEDIA EN OORLOG Prof. Leo Barnard op sy besoek aan Roemenië.




Qwaqwa can contribute to higher education

"The challenge is to make this campus financially viable in order to guarantee its continued existence."

"We have an opportunity to make a significant contribution to the reconfiguration of higher education in South Africa and the management team is determined in its efforts to ensure that the incorporation of the Qwaqwa campus into the University of the Free State is a success," Prof. Peter Mbatl, Head of the Qwaqwa campus of the UFS, said in an interview earlier this year.

"The challenge is to make this campus financially viable in order to guarantee its continued existence." To achieve this the Campus Head has initiated several task teams that are to make recommendations on a range of issues such as diversification of program offerings, professionalism in the conduct of campus business by both staff and students, marketing and fundraising efforts.

Some of the ideas on the table are to start a fundraising campaign. With a substantial deficit, Prof. Mbatl feels that the Qwaqwa campus should also take responsibility in reducing the deficit and in seeking solutions to various other challenges that beset the campus. "We cannot leave everything to the Bloemfontein campus," he said. "Student numbers must double to break even, but we would like to have three times the current number of students. A concerted marketing effort is also on the go to recruit students."



ENTHUSIASTIC Prof. Peter Mbatl, Head of the Qwaqwa campus.

He said that the incorporation with the UFS was well received and accepted by the majority of staff on the Qwaqwa campus and the community. It is important that staff and students at Qwaqwa feel that they truly belong to the UFS where their inspirations, thoughts and values are taken into consideration.

Prof. Peter Mbatl is the chairperson of a committee that is tasked with drafting a management model to structure relations between the UFS campus in Bloemfontein and the Qwaqwa campus. The finalisation of the model, the essence of which had already been implemented since April, was recently approved by the university management and seeks to empower managers on the Qwaqwa campus with on-site responsibility for specific matters.

Prof. Mbatl told a meeting of management of the UFS and Qwaqwa campus that elements of the model were already being implemented. Earlier in 2003, the Rector had already delegated necessary powers to Prof. Mbatl to ensure the effective and efficient operation of the campus. The model will be reviewed annually.

Prof. Mbatl said that fundamental principles should govern the relations between campuses of the UFS, especially also in view of the scheduled incorporation the Bloemfontein campus of Vista University in January 2004. This included the principle that the UFS should remain one single institution, even though it has more than one campus. The management of a multi-campus institution is a new phenomenon to many universities in South Africa and is a complex issue throughout the world.

According to the Acting Vice-Rector, Academic Operations, Prof. Gerrit van Wyk, a preliminary budget for the Qwaqwa campus has been approved to the amount of approximately R6 million, of which R500 000 has been set aside for the library as well as amounts for laboratories, etc. On the issue of research, Prof. Van Wyk said that during 2003 the Qwaqwa campus had been allocated about R800 000 through grants and matching funds from the National Research Foundation, which, per staff member was more than for the Bloemfontein campus.

R1 million is also allocated for a video-conference facilities, which will improve communication with the Qwaqwa campus. ■

States must **band together,** says Manuel

“I believe that states are not weak in the face of globalisation, but tend to approach the problems as if they have no power,” Mr Trevor Manuel, Minister of Finance, said in September delivering the C.R. Swart Memorial Lecture on *Globalisation, income distribution and the role of the State* in Bloemfontein.


He said goods flow from the industrial north and capital and resources flow from the impoverished south. Skilled labour, even where it is scarce and demand high, as in most developing countries, moves north. Unskilled labour stays at home, anxious for their livelihoods and the education of their children, and concerned about the cleanliness of the water they drink.

“Many policies and approaches can play a role in reversing some of the negative flows of capital and people that bedevil economic growth and poverty reduction in developing countries. And while states are not, in my view, weak in the face of globalised markets, they do need to band together to create, and in some instances like agriculture adjust, the international market regulation that will ensure developing countries also benefit from global economic activity.”

Some of the areas that need special attention are agriculture, financial and other services, accounting and corporate governance, and financial and capital markets, Mr Manuel said. “It is of course easy enough to say, let’s band together, it is another to do this in a truly multilateral and accountable way. We simply do not seem to have the right sort of institutions for effective multilateral discussion and agreement between states.

“This can have significant implications, for example, in deciding which countries the (International Monetary) Fund should assist when financial contagion breaks out in several regions at once. Another example, and one that is especially pertinent in Africa, is how conditionality is applied to adjustment loans to a country hit by a decline in commodity prices.”

He said an area that is in urgent need of multilateral dialogue and regulation is immigration, which while managed primarily by national laws,



OPTIMISTIC Mr Trevor Manuel, Minister of Finance, with the Rector, Prof. Frederick Fourie.

needs more international, multilateral attention. In what forum, and under what rules, do states address the shifts in skilled workers from one country to another? What mechanisms need to be put in place, what sort of policies, and what sort of assistance should be in place to help developing countries benefit from the resources they increasingly put into improving education systems?

There needs to be rules for how states engage with each other, and the UN system does provide those rules. All states should abide by them, not least because fair rules also protect those states in the minority, even if they are economically or militarily large. The safeguards in a rules-based international system operate in both directions, and this is a value we cannot rate highly enough.

He said it is critically important that multilateralism is revived. Alternative conceptions of just political and economic order is a value in this world, and societies can and do adjust over time to incorporate the lessons of value in any given period of time. ■

There needs to be rules for how states engage with each other, and the UN system does provide those rules.

'Afrikaner worstel nog met sy identiteit'

“'n Tema wat deurlopend in die Afrikaner-kultuur uitstaan, is een van afgagentende vrees. Vrees vir die Illuminati, die Antichris, die Swart Gevaar, die Rooi Gevaar, terrorisme, 'n (destydse) Rhodesiese scenario, en die verloor van politieke beheer en kontrole.”

So het prof. Piet Erasmus, Departementshoof van Antropologie aan die UV, in sy intreerede op 17 September 2003 gesê. Sy onderwerp was *Antropologiese spel met identiteit(e): Selfrefleksie op die Afrikaner*.

Hy het gesê daar kan nie onvoorwaardelik aanvaar word dat kulturele oorwegings, wat taal insluit, die uitsluitlike, of oorheersende faktor by die etnogenese van die Afrikaner was nie.

“Die neiging om ‘ons’ van ‘hulle’ te onderskei op grond van negatiewe rasse-oorwegings is ‘n faktor wat vanaf die begin aanwesig was en dit het ‘n beletsel op ‘Afrikaner-kultuur’ gelaat. ‘n Kritiese betragting op die eie kultuur, asook positiewe betrokkenheid by andere in terme van eie kulturele waardes, skyn ook nie prominent teenwoordig te wees nie – vandaar die aantygings oor Afrikaners se onbetrokkenheid en passiwiteit in die nuwe Suid-Afrika, asook hulle onwilligheid om hul verantwoordelikhede en

verpligtinge binne Afrikaverband op te neem.

“Die Afrikaner het ook nogsteeds nie sy afgagentende vrees verloor nie – teenswoordig is daar die vrees vir ‘n Zimbabwe-situasie, die verlaging van standaard, regstellende aksie, ensovoorts,” het prof. Erasmus gesê.

Tot die onlangse verlede is die bestaan van ‘n duidelike, afsonderlike, unieke Afrikaner-kultuur algemeen in Afrikanergeledere aanvaar – vandaar die

menigte kultuurorganisasies (Afrikanerbond, Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, Rapportryers, Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging, ensovoorts) wat hierdie kultuur in plek moes hou, ontwikkel en beskerm.

Die strukturering, werking en betekenis van die Afrikaner se kultuur is verstaan en verklaar in terme van die (meestal gedwonge) koppeling tussen volk en kultuur, met taal as die unieke versinnebeelding van die karakter daarvan.

Hy het ook verwys na ‘n standpunt dat die Afrikaner van die dertigerjare uitsluitlik oor ‘n algemene werkskultuur beskik het wat negatiewe elemente oor die Afrikaner-kultuur gevorm het en daartoe gelei het dat die dat Afrikaner nie ‘n lesende, studerende volk is nie en dus ‘n gebrekkige kennis het aangaande die moderne wêreld waarin hy homself bevind.

Dit is dus nou moontlik dat debatte wat reeds lankal in die Westerse wêreld uitgepraat is – soos die Jesus-debat – nou in Afrikaner-gelede opgeduik het.

Die huidige Afrikaner-debat bevestig dat veranderinge aan die intree is oor hoe en in terme waarvan die Afrikaners hulle identifiseer, het prof. Erasmus gesê. Dit wil voorkom of daar onder Afrikaners ‘n groter gemaklikheid is in die aanvaarding van die omgang met ‘n nie-seksistiese, nie-rassistiese “ander”.

Verskeie aanduidings bestaan ook dat Afrikaner-narratologie in ‘n herskeppingsproses verkeer. In narratiewe wat in die verlede geskep is oor die Afrikaner se optredes gedurende die Anglo-Boereoorlog (ABO) word hy in die algemeen positief voorgedhou as heldhaftig, edelmoedig, karaktervas en regverdig. In hedendaagse narratiewe oor die ABO word weggedoen met baie van die gevestigde Afrikaner “grand narratives”, soos dié oor die heuristiese beeld van die Boerekryger. Die Afrikaner word aangebied as volledig mens – iemand óók met swak gedrag, muitery, vrees, onkunde, uitbuiting en onbeholpenheid. ■

Die Afrikaner
het nog nie
sy afgagentende
vrees verloor
nie, sê prof.
Piet Erasmus.

VISTA'S MAJOR ROLE

The incorporation of the Bloemfontein campus of Vista presents an immense opportunity that could usher in a new era in higher education service to Free State communities, the Rector and Vice-Chancellor of the University of the Free State, Prof. Frederick Fourie, said in a statement.

The Vista campus will become part of the UFS on 2 January 2004. The incorporation is part of the government's plan to restructure higher education in South Africa. Prof. Fourie said through this incorporation the two institutions will be better able to meet the higher-education needs as well as developmental needs of the province and the central region of the country. Key stakeholders from the community will be consulted about the optimal utilisation of the Vista Bloemfontein facilities after incorporation.

"Our dream is to create a new asset for the province that may, for example, provide learning and training services not currently provided by the two university campuses (e.g. upgrading courses for adults and working people, short courses, bridging courses, skills development courses). There are immense needs in this area. "This should ideally be done in partnership with other role-players in the region, for example the Provincial Government, the City of Mangaung and Technikon Free State," say Fourie. "What should be avoided, is wasteful duplication of learning programmes on the Vista campus and the main campus of the UFS. ■

Japanse kerk en Teologie vat hande



HISTORIESE SAMEWERKING Prof. Sybrand Strauss, prof. Yoshikazu Makita van Japan en prof. Hermie van Zyl.

Japan se gereformeerde kerke stel baie belang in gereformeerde teologie in Suid-Afrika omdat dit op so 'n hoë vlak is en kan help om dié teologie in Japan te bevorder, het prof. Yoshikazu Makita, 'n professor aan die Kobe Reformed Theological Seminary, op besoek aan die Fakulteit Teologie by die UV gesê.

Prof. Makita was die gas van die NG Kerk in die Vrystaat en het onder meer gaslesings by die UV aangebied. Die moontlikheid van 'n ooreenkoms tussen die fakulteit Teologie en die Kobe-kweekskool word ook ondersoek. Laasgenoemde is 'n uitvloeisel van 'n vroeë besoek aan Kobe deur prof. Pieter Potgieter, voormalige dekaan van die fakulteit, en een vanjaar deur prof. Dolf Britz van die Departement Ekklesiologie.

Prof. Hermie van Zyl, waarnemende Dekaan van die fakulteit Teologie, sê noue samewerking bestaan tussen die NG Kerk in die Vrystaat en die Gereformeerde Kerk van Japan en die geleentheid is nou ook daar om dit uit te brei na die fakulteit. Grondwerk vir 'n formele ooreenkoms kan nou gedoen word.

Prof. Makita sê die Gereformeerde Kerk van Japan het tot onlangs geen kennis van gereformeerde kerke in Afrika gehad nie. Japan stel belang in die Suid-Afrikaanse kerke omdat die akademiese standaard in Suid-Afrika so hoog is. Japanse studente moes voorheen in Nederland gaan studeer. Hyself is in Duitsland en Nederland opgelei en is Nederlands vlot magtig.

Indien die ooreenkoms met die fakulteit Teologie beklank word, sal studente op 'n gereelde basis uitgeruil kan word. Vroulike studente van Japan wat in Afrika sendingwerk wil doen, studeer reeds aan die UV. ■

Faculty can play a bigger role in Africa

The development of human capital and the generation of knowledge are the surest contributions that the Faculty of Natural and Agricultural Sciences can make to the economic development of Africa, said Prof. Herman van Schalkwyk (36), new Dean of the Faculty from October 2003, at his welcoming function.

"If we don't choose what our Faculty will be, how it will compete, and what it will look like tomorrow, it will shape itself. Or, worse, someone else, or some outside force, will shape it for us."

He said the core task of the management of the Faculty will be to activate, motivate and focus the personnel on the creation of an excellent, equitable and innovative Faculty, by means of visionary leadership, good strategic management and the creation of an enabling environment.

To achieve this, attention will have to be given to the role of the Faculty in the region and Africa in general, the management of human resources, entrepreneurial activities and the organisation thereof, quality assurance, and transformation and equity.

The Faculty can assist in the development of human capital and the gener-



WELCOME Prof. Herman van Schalkwyk

ation of knowledge, he said.

"South Africa is already committed through Nepad and the African Union to contribute towards the tackling of the many challenges in Africa. The Faculty is uniquely positioned to contribute to research and the development of human capital in Africa.

"Graduate programmes in the Faculty are important for African students who expect to return to their home nations and engage in teaching and research, and take up positions in

the public and private sector, thereby contributing to the serious task of economic growth."

These graduates are leaving the UFS as ambassadors and will contribute towards the development of more capacity in their respective countries.

"My dream is that the Faculty and the UFS must become the gateway to Africa. It must be logical for academics and researchers to contact the UFS first if they want information on Africa." To an extent it is already happening. In certain Departments in his Faculty up to 80% of post-graduate students are from outside the borders of South Africa.

Prof. Van Schalkwyk obtained his Ph.D. in Agricultural Economics from the University of Pretoria in 1995, and was appointed as Associate Professor in Agricultural Economics at the UFS in 1996.

He became Professor in Agricultural Economics in 1998 and was appointed as Dean from 1 October 2003.

Whenever there is an opportunity, he and his wife, Relyne, and their three boys – aged 9, 7 and 19 months – take a break on their farm in the mountains in Clarens in the Eastern Free State. ■

Prof. Pieter ver van 'afgetree'

Van afskaal ná sy aftrede aan die einde van verlede jaar, het daar vir prof. Pieter Potgieter, voorheen dekaan van die fakulteit Teologie aan die UV, nog nie veel gekom nie.

'n Handleiding vir dekane, wat hy in opdrag van die Rektor, prof. Frederick Fourie, opgestel het, is in September afgelewer. Dit is 'n praktiese handleiding vir veral nuwe dekane wat by die UV inval. Hy wikkkel ook met navorsing en tussenin deur het hy ook 'n studeerkamer by sy huis in die Wildernis aangebou. "Ek is nie 'n oomblik verveeld nie." Hy en sy vrou, Diana, het tussen al hul bedrywigehede

ook by 'n stapklub aangesluit en benewens die pretstap langs die see en in die berge in die omgewing, is dit niks ongewoon om as lid van die klub sestien kilometer op 'n Saterdag af te lê nie.

Prof. Potgieter sê daar is sekere goed wat hom na die kampus, waar hy dertien jaar lank dekaan was, laat verlang, maar hy verlang beslis nie na die vergaderings nie, sê hy.

As navorsingsgenoot aan die fakulteit Teologie bly hy bedrywig en was hy hierdie jaar in Amerika vir navorsing wat hy oor aspekte van Calvin se teologie doen. ■

Net die helfte so oud

Bult het hierdie jaar stil-stil 50 geword – net die helfte so oud as die Universiteit van die Vrystaat.


Bult het in Desember 1953 die eerste lig gesien as publikasie vir oud-studente van die UV en dit het nogal oortuiging van prof. E.A. Venter, destyds hoof van die Departement Wysbegeerte, en prof. Herman Strauss, destyds hoof van die Departement Staatsleer, geverg om die Universiteitsraad te oortuig om so 'n publikasie die lig te laat sien. Die eerste uitgawe is dan ook met advertensiegeld betaal wat feitlik eiehandig deur prof. Strauss ingesamel is.

In die April 1993-uitgawe van Bult word gesê die raad het besef dat die blad 'n kragtige middel kan word om die kinders van die UV tot voordeel van die inrigting saam te bind en die raad het ingestem om die blad te finansier.

Bult het tot 1963 een keer per jaar verskyn en was in doserende personeel se hande. In 1964 het die destydse Openbare Betrekkinge die publikasie oorgeneem, met prof. Felix Lategan, Direkteur, as die redakteur. Hy is gevolg deur mnre. D.J. Viljoen, Harold Verster en Tom Ferreira. Die tydskrif het in Tom se tyd 'n gedaanteverwisseling ondergaan en die "jaarblad" het plek gemaak vir nuusartikels, kleurfoto's en 'n lewendige ontwerpstyl.

Onder leiding van mev. Anna-Maria Fourie, vrou van die Rektor, prof. Frederick Fourie, en dogter van een van die mede-stigters, wyle prof. E.A. Fourie, het Bult daarna 'n nuwe beslag gekry en het dit in 'n groter mate 'n nuustydskrif vir die UV geword. Anna-Maria was tot die einde van 2002 aan die stuur van Bult.

Nou vir die volgende 50!



Die raad het besef dat die blad 'n kragtige middel kan word om die kinders van die UV tot voordeel van die inrigting saam te bind.

van die os op die esel

Johan Botha (80) van Lynn East het in die vorige uitgawe van *Bult* gevra ons moenie van die aandstudente of deelytdse studente vergeet nie. Hier is dan een van sy bydraes:

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n prof. Du Plessis wat vir ons klas gegee het in Ekonomie. Die Ossewa-Brandwag-beweging was gereeld in die nuus en die profie was darem baie nuuskierig om te weet wie van die jong manne hier voor hom met die beweging heul.

Op die betrokke aand nadat die Stormjaers weer een of ander sabotasie gepleeg het, kom hy die klas binne met: "Goeie naand julle Ossies, en hoe gaan dit met julle?"

'n Rukkie heers daar doodse stilte oor die ongewone groet totdat een van die manne antwoord: "Goed dankie, Professor, maar van die os op die esel, hoe gaan dit met u?"

Die gevolg: almal, die profie inkluis, lag lekker saam en die Ekonomie kom aan die beurt.

Hy vertel ook:

Dieselfde prof. Du Plessis vertel een aand vir ons dat dr. Hollaway, destyds van die Amerikaanse Reserwebank, op 'n wêreldreis is om lesings te hou oor die tema dat hy reken dat afgestap moet word van die sogenaamde goudstandaard. In daardie jare het Amerika sy Ford Knox volgepak met staafgoud wat hy van Suid-Afrika gekoop het teen 'n vasgestelde prys van \$35/ons. Vandag kos dit tien keer meer.

Nietemin, ons gaan woon toe op aandrang van ons profie so 'n lesing in Bloemfontein by. In vraetyd staan ons profie op en vertel aan dr. Hollaway dat soiets nooit kan gebeur nie omdat die nuus van so 'n besluit kan uitlek en dat onbehoorlike en ongekende spekulاسie die hele saak kan kelder.

En dr. Hollaway se antwoord was: "My friend, there are more things in heaven and on earth than was ever dreamt of in your philosophy."

Ons studente het nie gedink dat ons profie goed daarvan afgekem het in sy poging om dr. Hollaway aan te vat nie.

UIT DIE EEUFEESBOEK

Eerstejaars moes tasse pak

“Op 'n dag is die eerstejaars aangesê om daardie aand 'n pak klere aan te trek en hul tasse te pak. Hulle is geweeg en te lig bevind, en word terug huis toe gestuur. Die spulletjie sou met Dok van Tonder se perde-waentjie opgelaaai word.

Oom Boy van Tonder was die faktotum en is "Dok" van Tonder genoem. Sy store was waar Fisiese Beplanning se gebou vandag is. Spottenderwys is gesê dat hy 'n doktorsgraad in houtwerk gehad het. Nietemin, die aand om 22:00 het die eerstejaars met hulle tasse, gesteweld en gespoor, voor die Hoofgebou by President Steyn gestaan.

Toe moes hulle vir oulaas sê, windver-waaid en verskrik, met geen senior in die omgewing nie. Iemand sê toe hulle moet die "ou pressie" vir oulaas sê. Sout van der Walt is aangewys as dirigent. Piet Steytler het voorgestel dat hulle *It is the loveliest night of the year* vir President Steyn sing.

Toe hulle middernag by die koshuis terugkom, was dit stikdonker. ”

Toe al die tyd Gannie

Gannie Viljoen se naam het in die September-uitgawe van *Bult* (bl. 20 en 21) nog 'n kinkel gekry. Ons het die *mn* in die



geskrewe stuk 'n *w* gemaak en so het Gannie toe "Gawie" geword. "Fred Zak" moet ook lees "Het Zak". Ons vra om verskoning.

Trek die dagboek nader vir die fees van die eeu

Alhoewel daar nog baie laat nagte van beplanning en dinkwerk voorlê, kan die dagboeke vir die eeufeesjaar nou reeds nader getrek word, sê Jan Ras, Organiseerder van die 100+-fees aanstaande jaar.



Fakulteite, departemente, afdelings en individue bou momentum op vir die geleentheid en stuur bykans daaglik nuwe idees. Die program brei vinnig uit en om by te bly met die nuutste aktiwiteite, besoek gerus die UV webwerf: www.uovs.ac.za Datums vir die hoofmomente in 2004 is as volg:

MOMENT 1 DIE BEGIN
28 Januarie Openingsfees
30 Januarie Internasionale dag
1 Februarie Toewydingsgeleentheid
6 Februarie Amptelike opening van die universiteit

7 Februarie Jooloptog
MOMENT 2 DIE ERKENNING
21 April Fakulteite
Gesondheidswetenskappe, Teologie en Regsgeleerdheid
22 April Fakulteit
Geesteswetenskappe
23 April Fakulteite Natuur- en Landbouwetenskappe asook Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

MOMENT 3 DIE SPORT
13 Mei Opening van fees
14 Mei Oud teen Jonk
15 Mei Afsluiting

MOMENT 4 DIE JEUG
16 Junie Akademie, sport en kultuur

MOMENT 5 DIE KUNS
14 tot 18 Julie Volksbladkunsfees
1 tot 9 Okt. Macufefees

MOMENT 6 DIE MIDDELPUNT
29 Julie 'n Historiese geleentheid vir die toekoms

MOMENT 7 DIE KONGRES
11 tot 14 Okt. 'n Akademiese hoogtepunt
MOMENT 8 DIE REÛNIE
15 tot 17 Okt. Vir almal ...
MOMENT 9 DIE EINDE
28 Januarie '05 Afsluitingsfees

Verskeie kongresse is reeds geskeduleer vir die eeufeesjaar.

Die datums is as volg:

Januarie: REGSGELEERDHEID:

Aulai Konferensie (19 tot 23 Januarie)

Maart: GEESTESWETENSKAPPE:
Indigenous Knowledge Systems (Eerste week in Maart)

Mei: GEESTESWETENSKAPPE:
National Communication Conference (6 tot 7 Mei)

Junie: NATUUR- EN
LANDBOUWETENSKAPPE:
Fisika (29 Junie tot 02 Julie)

Julie: JEUGKONFERENSIE (04 tot 07 Julie);

GESONDHEIDSWETENSKAPPE:
Verpleegkunde Konferensie (11 tot 14 Julie);

GEESTESWETENSKAPPE:
South African Sociological Association Congress (27 tot 30 Julie)

Augustus:

NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE:
Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte
Argitektuurkonvensie (25 tot 27 Augustus)

September:

PRAKTYK VAN KREATIWTITEIT
(27 September tot 1 Oktober)

Januarie 2005:

NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE:
Plantkunde (10 tot 13 Januarie)

Jan sê ander spesiale geleenthede, soos intreereds, gedenklesings, galadinees en fakulteitsdae word in die vooruitsig gestel. Datums sal mettertyd aangekondig word.

Roetinegeleenthede is ook deel van die eeufees. Een daarvan is die UV se onafhanklikheidsdag op 8 Maart 2004.

Dit word gevier met 'n koffiebeker-teedrinkgeleentheid vir alle oudstudente voor 1950.

Adresbesonderhede kan aan David Kriel by tel. (051) 401-3409 deurgegee word. Dit sal verseker dat almal sover moontlik al die inligting ten opsigte van die fees der feeste ontvang.

Okavango

is Africa's Venice

By Ilse Olivier



The Okavango Delta is one of the world's largest inland water systems. Its headwaters start in Angola which then flow through Namibia and end in Botswana where it fans into a 15 500km² maze of lagoons, channels and islands. The Delta is flooded by the Angolan rains, which start in October and end in April. During the peak of flooding, the Delta expands to over 16 000 km², but shrinks to less than 9 000 km² in the low period.

In this "Jewel of Africa" a team of zoologists from the University of the Free State has been making research history the past five years. Prof. Jo van As, project leader, and his hand-picked team of scientists have been conducting valuable fish parasite research in the Okavango Panhandle, the Delta, Moremi Game Reserve and the Ngamiland District.

As part of their work, they examine the type of parasites and pathogens present in the system, the effect of changes, such as extraction of water, pollution and other factors on the balance between fish and parasites and the way parasites could impact on aquaculture. Their research has produced remarkable results. So far they have collected more than 200 species of parasites which includes at least 50 new species. They have also discovered a fish louse with remarkable territorial behaviour. The female fish louse aggressively fends off intruders from her territory with a specially adapted mouth part and appendages.

Jo and his team also discovered worms that alter the behav-

our of the host fish so that the fish falls prey to a predator bird in order for the worms to complete their lifecycle in the intestine of the bird.

The Okavango Delta is a dynamic system – it changes from year to year. However, human intervention is wreaking massive damage on this delicately balanced environment. Insecticide spraying, encroachment of cattle onto the seasonal floodplains, pollution, increased fishing and extensive water extraction have environmentalists worried about the health status of the Delta's fish populations.

"The conservation of the Delta, the only inland delta in the world, is the most important conservation goal for Africa. The Delta is slowly drying up. The geology of the Okavango is still inherently unstable and the pattern of drainage in the Delta will continue to change.

"The research goal of the Department of Zoology and Entomology, namely conservation and management of ecosystems and biodiversity, matches this goal and for this reason, the department has received support from the faculty of Natural and Agricultural Sciences and the university management to continue their research efforts in this area," says Jo.

The department recently received a lease permit to set up a semi-permanent research base camp in Ngamiland.

This is the most diverse part of the Delta, and one of the only areas that is permanently flooded. For approximately four

months a year, a research team will inhabit this island, with the most isolated community in the world, the Jao Village, their closest neighbour. The new research project will be called Leseding, which means Light. ■

▲ Prof. Van As was elected president of the international committee for Fish Parasitology.



BREAKTHROUGH ZOOLOGICAL RESEARCH The research team hard at work in the Moremi Reserve and far left, the filming of activities for an M-Net programme.



KUMBA SE SKENKING

Die Departement Geologie aan die UV het 'n skenking van R200 000 van Kumba Resources gekry. Die oorhandiging deur mnr. Hennie van der Berg, 'n oud-Kovsie, het plaasgevind op 24 Julie 2003.

Van links is prof. Willem van der Westhuizen (Departementele voorsitter van Geologie), mnr. Hennie van der Berg van Kumba, prof. Gerrit van Wyk (waarnemende Viserektor) en prof. Daan de Waal (toe waarnemende Dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe). ■

Maak 'n bydrae tot SA onderwys

'n Inligtingsbrochure, wat waardevolle insig in die huidige stand van die onderwys in Suid-Afrika verskaf, word jaarliks deur die Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplanning (NIOB) aan die UV uitgereik.

Die data word gebruik deur navorsers, leerkragte en ander belanghebbende groepe om tekortkominge te identifiseer en veranderinge te maak indien dit nodig blyk te wees. Die Instituut versamel en prosesseer onderwysdata, sodat dit gebruik kan word in die onderwysbeplanningsproses in Suid-Afrika.

Op hierdie manier word onderwys in Suid-Afrika verbeter om topgehalte studente te lewer, en uiteindelik 'n sterker en goed opgeleide arbeidsmag in die land te skep. Dus vind die hele Suid-Afrikaanse bevolking direk of indirek baat by die brochure.

NIOB is reeds sedert die jare sewentig betrokke by die ondersteuning en opleiding van leerkragte op alle vlakke. Die Instituut is geves-

tig om onderwys in die agtergeblewe gemeenskappe van Suid-Afrika te bevorder.

Befondsing van sowat R31 000 word jaarliks benodig om die brochure, getiteld *Education and Manpower Development* die lig te laat sien.

"Suid-Afrika beleef steeds voortdurende en positiewe verandering. Die onderwys- en mannekragsektore is geen uitsondering nie. 'n Brochure met onderwysstatistieke is dus 'n uiters bruikbare instrument om die groei van onderwys in Suid-Afrika te help fasiliteer.

"NIOB verskaf op hierdie manier 'n waardevolle, onmisbare diens in 'n sektor waar voortdurend aanpassings gemaak moet word. Hierdeur poog ons om die beste gehalte onderwys te verskaf, ten einde die beste studente en beste arbeidsmag in Suid-Afrika te verseker," sê prof. Japie Strauss, verbonde aan NIOB.


Die data wat in die brochure verskaf word, word gereeld deur koerante, sosio-ekonomiese pub-

likasies en toonaangewende navorsers aangehaal. Die verkryging van die data is soms 'n taai taak, aangesien die nasionale Departement van Onderwys nie data beskikbaar stel voordat alle data van al die provinsies nie ontvang is nie.

Sommige provinsies is om verskeie redes, maar veral 'n tekort aan mannekrag, nie in staat om akkurate data tydig te lewer nie.

Die inligting wat in die brochure vervat word, sluit in die aantal leerders per graad per onderwysdepartement, die personeelsituasie in skole, 'n vooruitskouing van leerdergetalle in skole, die slaagsyfer van Graad 12-leerders, tersiêre onderwys en 'n vergelykende, statistiese analise.

Die brochure word versprei aan onderwysinstellings wat die inligting in hul beplanningsprosesse gebruik, organisasies binne die privaatsektor wat betrokke is in onderwys, plaaslike en internasionale navorsers, biblioteke wat die brochure as verwysingsbron gebruik en beleidsmakers en -beplanners. ■



MUSIC TO OUR EARS Prof. Frederick Fourie, Rector, and the winning ladies' team.

group makes history Serenade

Two student hostels from UFS won four out of the five awards at the national serenade competition. The competition was held at the Potchefstroom University for Christian Higher Education.

NJ van der Merwe hostel was the overall winner in the ladies' category and walked away with the best adaptation of the compulsory song for ladies, *Singing in the rain*. The hostel is also the first black ladies' hostel ever to win the national competition.

Veritas hostel was the overall winner in the men's category and won the award for the best Afrikaans composition.

This is the third time since the inception of the competition that this honour was bestowed upon the hostel.

Mr Wayne Flemming, Student Representative for Culture, said "This is a great honor for the UFS and we are extremely proud of our hostels for achieving such an accomplishment." ■

Earth construction gets a boost

The UFS and the Technische Universiteit van Eindhoven in the Netherlands received a research bursary of R316 000 from SANPAD (South African Netherlands Research Programme on Alternatives in Development). The aim of the research is to determine the public acceptability of sustainable, high quality, earth-constructed public and private buildings to support local economic development.

Prof. Das Steyn, Head of Urban and Regional Planning at the UFS and team leader of the project, said "European countries like the Netherlands are far advanced with studies in earth development and this is why the partnership was formed with the Technische Universiteit van Eindhoven.

"South Africa has a large housing shortage and the

traditional ways of building are not used in urban informal housing. Preference is given to corrugated iron sheets and plastic.

"In the conventional building of housing for the poor, traditional methods such as earth building techniques are not yet part of the existing projects."

By using upgraded earth construction, it might be more sustainable as far as the environment and the economy is concerned.

"If we can make a breakthrough in the development and propagating of these methods it will help the poorest of the poor to acquire housing of a better quality than the informal settlements used today."

The project will look at the acceptability of earth construction as an alternative to the conventional way of building with bricks and



THE TEAM From the left front are Prof. Das Steyn, Head of Urban and Regional Planning at the UFS and team leader of the project, Prof. P. de Waal, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, and Prof. Ora Joubert, Head of the Department of Agriculture. At the back are Ms Petria Jooste-Smit, Head of the Unit for Earth Construction of the Department of Architecture, and Mr Gerhard Bosman, also of the Department of Agriculture, both project leaders.

steel. Prof. Steyn says the use of local earth types as construction material is a more sustainable solution that can contribute to the development of the local economy.

"Economic viability and

the testing of the social acceptance of current building methods are two important aspects that will be addressed by the research," says Ms Petria Jooste-Smit. ■

UFS LIBRARIAN RECEIVES PRESTIGIOUS AWARD



Mrs Huibre Lombard, librarian at the UFS's Sasol Library, has been named as the Academic Librarian of the Year by the Library and Information Association of South Africa (LIASA). The prize includes an educational overseas trip. She received the award for developing the course ILK111 – Information Skills. The UFS is the only tertiary institution in South Africa that presents this as an accredited course in some programmes. It has been purchased by the Rand Afrikaans University (RAU), Technikon Free State, Vista University (Welkom Campus) and the Technikon Vaal Triangle.

HI-TECH PeopleSoft FOR UFS

Ever wondered how the dramatic advances taking place in information and communication technology (ICT) impact on a complex and dynamic institution such as the UFS?

The answer is simple: the UFS – like many other large organisations – has to keep pace with these changes or face the problem of delivering services which do not meet the changing needs of clients that vary from current students to staff (academic and non-academic), prospective students to alumni, donors to politicians, jobseekers to providers of goods and services, researchers and policy-makers, other higher-education institutions and the media.

Current students may want information about or copies of their academic record online. Some prospective students may need information about programmes and courses, tuition fees and registration dates and want to register online.

Staff members need to obtain and process information to generate salary payments, cheque payments to procure goods and services, deal with leave enquiries, maintain links to financial institutions, generate various management reports and a host of other functions.

The implementation of the R25-million project to acquire and

install PeopleSoft software is a strategic initiative to ensure that the UFS meets these changing needs of its clients in a world where there is convergence of technology and function.

According to Mr Arrie van der Bijl, the PeopleSoft project will lay the basis for the further development and enhancement of the ICT system at the UFS in the future.

The UFS Council gave its approval to go ahead with the project in March 2003 and since then, Mr van der Bijl says, the project has been progressing in the three key areas of human resources, finances and student affairs.

About the cost of the project – R25-million – Mr van der Bijl says this amount is made up of subsidiary costs such as the cost of the software, the cost of installation, the acquisition of new equipment (smaller mainframe computers), and partly to buy staff capacity. He says that by implementing PeopleSoft, the UFS has once again shown itself to be a leader and innovator in its efforts to render top quality services to students, staff and other clients. ■

By Anton Fisher

Research unit for Youth Commission



YOUTH IN OUR HANDS Signing the agreement here, are from the left Prof. Frederick Fourie, Rector, Mr Alec Moemi, Chief Executive Officer of the Free State Youth Commission, Mr Klepie Jaftha, Chief Director: Community Service, and Prof. Lucius Botes of the Centre for Development Support.

The UFS has signed a research contract of R3,2 million with the Free State Youth Commission.

The aim of the research is to influence relevant youth-policy matters in the province over a wide spectrum and to enable the Youth Commission to establish its own research unit.

The contract is over a period of three years and includes seven focus areas, with 16 research programmes. The project is sponsored by the Umsobumvo Youth Fund and managed by the Centre for Development Support of the UFS. ■

Wireless data network in the future

Students of the UFS will shortly be able to work on their laptop computers any place on campus. The concept was demonstrated to students, staff, management and other stakeholders on the campus. Earlier this year, management requested staff from Computer Services to investigate the implementation of a wireless data network on campus.

This investigation has been completed and the use of hotspots is recommended as a possible solution. The advantage of the hotspot concept is that any registered user on campus who has the necessary equipment will be able to work on a computer within a radius of 50 meters from the hotspot. Currently residential students can obtain access to the internet and intranet of the UFS in their rooms. When the wireless data network is implemented, students will be able to work on their computers virtually anywhere on campus. ■

Medical profession faces challenges – Prof. Moja

The medical profession has to understand the communities they serve and their health needs and strive to satisfy these needs. The challenges that face the profession today, are interlinked with the changes in South Africa and the resultant expectations, Prof. Leticia Moja, acting Dean of the Medical Faculty, said in her inaugural lecture earlier this year.

With the improved literacy level of patients, the availability of health information of electronic and other forms of media, there is increased health awareness of the patient and the communities. There is also increased knowledge and understanding of their rights, Prof. Moja said. "This empowers the patient from being a recipient to being a partner in the health care. The medical profession needs to make the shift from being the decision-maker to involving the patient in decision making."

One of the challenges in the profession is the issue of equity, she said. According to the 2003 register of the HPCSA there are 31 000 registered doctors in South Africa of which only 6,9% are black, and of the black doctors 66% are in general practice and only 3,4% in post-graduate studies – a factor that will in future impact negatively on employment equity in the academic institutions, she said.

There exists also a need to train more doctors at both generalist and specialist level. The annual output of medical schools is about 1 300 and by the nature of the training most schools cannot increase the output. The same applies to specialist training whose numbers are strictly controlled by

the HPCSA. Equity must therefore actively be addressed within the set numbers ensuring a minimum fall-out rate.

"The universities and thus the medical schools now have to shift from just selecting the best, but to also ensure the right mix of the selected group. The national Department of Health has set the target at 65% of 2007 second-year students to be African," she said.

The pool from which to select is small and there is no doubt that the majority of the students from disadvantaged communities, most of whom are black, have a much lower quality of school education, she said.

The underlying problems are families with little or no education, communities with few educated people to serve as role models, and schools that are poorly resourced, without facilities and where the quality and motivation of teachers are low.

She said on the other side of the coin there are also serious financial implications for those who venture in the medical field. The financial setback at the completion of courses are some of the main reasons for the medical brain drain to overseas countries. ■



NEED FOR ACTION
Prof. Leticia Moja, acting Dean
of the Medical Faculty.

MATRIKULANTE het meegeding

Die Matrikulant van die Jaar-kompetisie is vanjaar weer deur die UV, Volksblad en verskeie ander borge aangebied. Matrikulante van selfs ver buite die Vrystaat en Noord-Kaap het ingeskryf vir hierdie gesogte kompetisie. Van die beoordelaars en borge wat hier in ligte luim is, is van links, voor: mev. Annalize Doubell van Volksblad, prof. Nico du Plessis van die Kowsie-Alumnitrust en mnr. Johan Laubscher van die juweliers HDL.

Agter is mnr. Zane Koeberg van Absa, mev. Francis Hoexter, ook van die Kowsie-Alumnitrust en mnr. Johan le Roux van Sure Astra Reise. Almal is van Bloemfontein. ■





Skills hamper development

